# VERANDER JOU WÊRELD

## Deel 3 – Kyk en Sien

### Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

---

---

### Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Is jy 'n persoon wat gereeld jou kar sleutels moet soek? Sou ander mense jou beskryf as iemand wat kan soek?**

---

---

---

**Wat was van jou drome wat jy as kind of jongmens gehad het, hoe jy in hierdie wêreld 'n verskil wil maak? Hoe het dit verander oor die jare? Hoekom dink jy het dit verander?**

---

---

---

**Wat dink jy is die primêre doel van kerkbyeenkomste? Hoe verskil jou siening van Jesus se primêre missie vir ons lewe?**

---

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Markus 4:10-12. Waar ervaar jy, kyk en hoor mense, maar hulle sien en luister nie na die beginsels van God nie?**

---

---

---

**1 Korintiërs 2:14-15. Wat is nodig volgens hierdie gedeelte om geestelike dinge reg te begryp en reg te interpreteer? Hoekom is hierdie belangrik vir ons om te onthou as ons uitreik na mense?**

---

---

---

**Lukas 24:39. In watter areas van jou geestelike lewe twyfel jy soms?**

---

---

---

**Johannes 4:35. In watter areas van jou lewe ervaar jy dat mense oop is vir geestelike gesprekke? Hoe kan jy dit benader?**

---

---

---

**Psalm 139:24 en Spreuke 16:2. Hoekom dink jy sien ons nie altyd ons eie foute raak nie? Wat doen jy in jou eie geestelike lewe om bewus te raak van jou eie blinde kolle? Watter persone help jou daarmee? Indien daar niks of niemand is nie, hoe kan jy dit verander?**

---

---

---

**Dit het 'n effek in ons lewe as ons blinde kolle het en nie ons eie foute sien nie, maar wat dink jy is die gevolg indien ons God op die verkeerde manier sien?**

---

---

---

**Matteus 9:36. Hoe dink jy vergelyk die manier hoe jy mense sien met hoe Jesus mense sien?**

---

---

---

**Wie is die mense waar jy woon, werk en ontspan wat tans 'n uitdaging beleef? Hoe kan jy na hierdie mense in liefde en met ondersteuning uitreik gedurende die komende week?**

**As God al jou gebede van die afgelope tyd met JA sou beantwoord, dink jy die wêreld sou 'n beter plek wees of net jou eie lewe? Hoe kan jy intensioneel jou gebede van bysiende na versiende beweeg?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem ’n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit ’n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem ’n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**